

Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20240415-3153

Kurrikulum AOO-minuut: 0006/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Bekendstelling van 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram in Engels Huistaal wat op die wetenskap van lees in die Grondslagfase gebaseer is

1. In 2019 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besluit om 'n gedifferensieerde benadering tot Taal vir elk van die drie Huistale (HT'e) in die provinsie te volg. Dit is gebaseer op die uitslae van die sistemiese toetse vir 2011 tot 2019, asook die bevindinge van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*.
2. Omvattende navorsing is oor die wetenskap van lees gedoen. Hierdie navorsing het gelei tot 'n besluit om 'n sintetiese benadering tot klankleer in die onderrig van lees in die Grondslagfase te volg.
3. In 2019 het die WKOD, in vennootskap met Universal Learning Solutions, die *Jolly Phonics*-program bekendgestel. Verdere opleiding oor die wetenskap van lees is nou nodig om die sintetiese benadering tot klankleer in die onderrig van lees en skryf te versterk.
4. Die doel van die opleiding is om lees en begrip in Engels HT in die Grondslagfase te versterk. Dit vorm deel van die Wes-Kaap se leesstrategie en die WKOD se vyfjaar- strategiese plan.
5. Alle graad 2- en 3-opvoeders in skole in spesifieke distrikte het in 2023 hieroor opleiding ontvang.
6. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat graad 1-opvoeders in spesifieke distrikte ook in 2024 opleiding oor die wetenskap van lees sal ontvang, met die oog op implementering in 2025.
7. Graad 1-opvoeders sal vanaf 25 tot 27 September 2024 opleiding ontvang. Daar sal van alle graad 1-opvoeders, wat Engels HT in die spesifieke distrikte onderrig, verwag word om die opleiding by te woon.

8. Distrikte sal die besonderhede en plekke waar hierdie opleiding sal plaasvind, vooraf bekendmaak.
9. Vir meer inligting, kom in aanraking met die Grondslagfase-koördineerder in die betrokke distrik:

Distrik	Koördineerder	Tel.	E-pos
Metro-Noord	Jenny Daniels	021 938 3044 084 388 5920	Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Vanessa Randelhoff	021 370 2025 083 309 1383	Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Juanita van der Merwe	021 514 6773 079 944 7536	Juanita.vanderMerwe@westerncape.gov.za

10. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-opvoeders en skoolbestuurspanne by hul skole te bring.

SIGNED: B LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-04-18